IN DIE HARTJIE VAN PRETORIA LÊ KERKPLEIN, SENTRUM VAN DIE STAD SE BEDRYWIGHEDE, MET DIE KRUGERSTANDBEELD IN DIE MIDDEL DAARVAN. DIE PLEIN SELF IS BYNA 1½ MORG GROOT MET 'N SIRKELPAD DAAROM WAT DIE VERKEER NA ALLE RIGTINGS AFVOER. IMPOSANTE GEBOUE IN VERSKEIE STYLE OMLAER DIE PLEIN. HIER GAAN DIE LEWE IN DIE HOOFSTAD SY DAAGLIKSE GANG EN SPEEL OOK DIE GROOT GEBEURE HULLE DIKWELS AF. PRESIDENTE VAN DIE VERLEDE EN HEDE IS HIER INGEHULDIG, SODAT KERKPLEIN TEREG GENOEM KAN WORD:



# DIE PLEIN VAN PRESIDENTE

*Deur Prof. A. L. MEIRNIG*

**Grasperke wat op die plein uitgelê is, word gereeld sprinkelbesproei. Die Standardbank staan op die suidelike hoek van die plein**



KERKPLEIN in Pretoria het in meer as een opsig geskiedkundige waarde. Daar is onder meer in interessante boukundige verhaal verbonde aan die geboue wat vroeër op en om Kerkplein gestaan het en die geboue wat vandag nog daar staan.

Die stad Pretoria is 107 jaar oud. In die vroeë jare van sy bestaan was die Kaaps-Hollandse styl nog 'n lewende boukuns. Dit is dan ook geen wonder dat die eerste gebou op die plein in hierdie styl gebou is nie. Dit was die Trappegewelkerkie, wat later gesloop is om vir 'n groter kerk plek te maak. Andries Pretorius, na wie die stad vernoem is, het van Graaff-Reinet gekom, wat destyds 'n dorp met uitsluitend Kaaps-Hollandse geboue en wonings was. Die Voortrekkers het die boukundige tradisie dus saam met hulle Transvaal toe gebring. Hul wonings, wat almal reeds verdwyn het, was ook volgens dié styl gebou.

Die eerste kerkie is in 1882 gesloop en later is 'n groter kerkgebou in 'n vereenvoudigde Gotiese boustyl in sy plek opgerig. Dit was destyds die gebruiklike boutrant vir feitlik al die land se kerkgeboue. Albei die geboue het op Kerkplein self gestaan. Die groter kerk is later gesloop om van die plein 'n oop stuk grond te maak.

Teen die middel van die negentiende eeu het die Kaaps-Hollandse boustyl as 'n lewende styl in onbruik geraak. Dit is opgevolg met wat as die „Gegote Yster-boutrant" beskryf kan word. Skielik het geboue van alleraard verrys wat met die nuwerwetse ingevoerde boustowwe, gegote ysterpilare, relings en versierings, onder sinkdakke uitgevoer is. Dit was vir die mense van destyds 'n groter versoeking om van die fabriekvervaardigde artikels gebruik te maak, eerder as om die handgemaakte Kaaps-Hollandse goedere in hul bouwerk te gebruik. 'n Nuwe mode het ingetree en daarmee ook 'n nuwe boutrant. Die Grand Hotel op Kerkplein, waarvan 'n foto elders verskyn, is 'n voorbeeld daarvan. Die gebou het al verdwyn.

Teen die end van die negentiende eeu het die Franse argitekte groot invloed op die Wes-Europese boukuns uitgeoefen. Van hul geboue wat in 'n laat-Renaissanc-boustyl uitgevoer is, was die Operagebou van Parys die meesterstuk. Wierda, die argitek van Kerkplein se twee pronkgeboue: die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie, was ongetwyfeld 'n aanhanger van die Franse Skool, en het vermoedelik sy inspirasie daar gaan soek. Hoewel daar 'n paar ander geboue in die land is wat ook in hierdie boustyl uitgevoer is, is die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie die bekendste voorbeelde daarvan. Hulle is in regeringsbesit en word voortdurend opgeknap.

Gedurende die jare 1905 tot 1930 was daar 'n toestroming van opgeleide argitekte na Transvaal. Elkeen van hulle het sy eie boukundige voorliefdes gehad, want dit was 'n tydperk van vrye opvattings. Hulle het gesorg vir 'n verskeidenheid boustyle wat so teen mekaar afgespeel is dat die mense van 'n „Twis om die Boustyle" begin praat het.


Voorbeelde van geboue óm Kerkplein in die verskillende boustyle wat in daardie jare uitgevoer is, is die volgende: Tudor Chambers in 'n vereenvoudigde Gotiese boustyl, Barclaysbank in 'n laat-Renaissance-geskoolde boustyl, die Reserwebank en Ou Mutualgebou (ook in laasgenoemde boustyl). Die Reserwebank was 'n ontwerp van Sir Herbert Baker. Daar is ook die Poskantoor, nog 'n voorbeeld van die laat-Renaissance-geskoolde boustyl; die Nederlandse Bank-gebou in die Utrecht-Antwerpen-boustyl ('n effense mengelmoes van style) waarvoor die Nederlanders van daardie dae 'n voorliefde gehad het; die Eksekuteurskamer langsaan in 'n laat-Franse, Renaissance-boustyl; Café Riche langsaan in 'n laat-Tudor-styl en die Standardbank in 'n klassiek-Renaissance-boustyl, met 'n paar eie toevoegings van die argitek.

**Vroeg in die more hang rookmis oor Kerkplein in Pretoria. Die moderne gebou agter die Krugerstandbeeld is die nuwe Provinsiale Gebou. Langsaan staan die bekende Ou Raadsaal**

**'n Indiërseun verkoop sy blomme in 'n hoekie op Kerkplein**



**Die toring van die Ou Raadsaal van die standbeeld af gesien**



Die Paleis van Justisie is deur die argitek Wierda ontwerp en net voor 1900 voltooi



Kerkstraat oos van die plein is die belangrikste sakedeel van Pretoria



Tensy die Provinsiale Gebou as 'n Kerkpleingebou beskou word, is daar net een gebou óm die plein wat in die jongste hedendaagse boustyl ontwerp is nie. Klaarblyklik is opdragte aan die argitekte van geboue ná 1930 gegee om die „tradisionele karakter" van Kerkplein te bewaar. Dit is moeilik om vas te stel wat die tradisie in werklikheid is, want nie alleen is daar die verskeidenheid boustyle hierbo beskryf nie, maar daar is selfs ook in verwante boustyle wat gebruik is so 'n afwisseling van skaal en boukundige besonderhede dat daar maar min sprake van samehorigheid is.

Tog is veral die westelike gedeelte van Kerkplein indrukwekkend. In sy geheel kan die plein met reg 'n monument genoem word ter ere van A. F. du Toit, die man wat dit in 1859 uitgelê het, en M. W. Pretorius van wie die opdrag tot die skepping van die plein uitgegaan het.

Hoewel die hoë vleuel van die nuwe Provinsiale Gebou wat so prominent verrys het, sowat 100 voet van die plein verwyder is, skep dit so 'n intieme en onmiddellike agtergrond vir die geboue aan die suid-westelike hoek van die plein, dat dit tog 'n nuwe karakter daaraan gee. *VERVOLG*

Saans is Kerkplein 'n feëland van ligte. Die foto toon die hoek by Tudorgebou



'n Blik op die volle plein met sy grasperke en paadjies



Saamtrekke vind gereeld op die oop ruimte van Kerkplein plaas

